Dwaalleringe Rondom die Eskatologie

Open 17:3 En hy het my in die gees weggevoer na ‘n woestyn, en ek het **‘n vrou** sien sit op ‘n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.
4 En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand ‘n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; (GEESTELIKE HOERERY)

Dwaalleringe Rondom die Eskatologie - die Toekomsleer

Die titel **"Eskatologie"** ontstaan uit twee griekse woorde, nl. **"ESCHATOS"** (die laaste dinge) en **"LOGIA"** (kennis van)

Die toekomsleer handel dan oor die laaste dinge soos in die Bybel.

Bv. (a) Wegvoering van die BRUID. 1 Thesa 4: 13-18
(b) Die Wederkoms van Christus. (0pb 19: 11-21)
(c) Die Vrederyk en Christus regering. (0pb 2o: 1-6)
(d) Die dood. (Heb 9: 27) (0pstanding 1 kor 15)
(e) Die verheerlikte liggaam. 1 kor 15\ 1 thesa 4:13-18
(f) Die nuwe Hemel en nuwe aarde. \ opb 21: 1-8
(g) Die opstanding uit die dode. \ 1 kor:15
(h) God se laaste oordele \ opb hfst 6,8,9,16 ens.

Opb 1:19 Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur;

VALSE LEERSTELLINGS RONDOM DIE ESKA-TOLOGIE.

Hieronder volg **'n paar** valse leerstellings wat deur Lucifer vanaf kansels verkondig word om die Wederkomsgedagte te vertroebel en om die mensdom te mislei.

DIE EERSTE VIER EEUE NA CHRISTUS:

In die vroeë kerkgeskiedenis, het 'n leerstuk ontwikkel dat die Kerk—Israel vervang het in God se plan. Die Kerk het dus die Nuwe Israel geword. In 150 n.C. het Justin Martyr en later Irenaeus en veel later Augustinus, met hierdie leerstuk begin.

Die Ou Testament was al hoe meer *allegories* vertolk. (M.a.w. alles was *vergeestelik*.) Baie min profesieë was letterlik vertolk.

Die eenvoudige betekenisse van baie teksverse was vervang deur 'n **"dieper geestelike" betekenis**. Hierdie dieper **"lig"** het gaandeweg dieper duisternis geword. Dit was, merkwaardig genoeg, ook omtrent dieselfde tyd dat die Dogmatiek van die Kerk stadig maar seker verander het van die reine en eenvouidige Bybelse uitlegkunde, na onverstaanbare, verdraaide, korrupte leerstellings. Leerstellings wat vir die leek en gewone lidmate onverstaanbaar was, en dus net deur die leraar kon vertolk word. In Open 2:15 sê die Here: "So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat**."** Nikolai het geleer dat net die Liturg, d.w.s. die leeraar of predikant die Woord kan vertolk. As gevolg hiervan het Rooms-Katolisisme ontstaan, en vanuit hulle die Hervormde en ander kerke.

'n ANDER GEES !!!

Vandag is daar **'n gees** waarneembaar in **die "kerk"** wat as die **"Heilige Gees" bestempel word**, maar wat nie die egte kenmerke van die Heilige Gees openbaar nie. Dis 'n gees wat die klem op homself laat val, i.p.v. op Jesus Christus, ons Here. Dis 'n gees wat die uitsprake van die Bybel verdraai en verontagsaam terwille van die verwesenliking van sy eie doelwitte. Dan maak hierdie gees ook voorsiening vir diegene wat nie vir Jesus as die enigste middelaar tussen God en die mens aanvaar nie. Dis 'n gees wat al die uiterlike manifestasies van die Heilige Gees naboots, maar hy oortuig nie van sonde nie. Hierdie gees het geen probleem om met leuens, bedrog en halwe waarhede saam te leef nie.
Ons hoor gereeld uit teologiese kringe van 'n ander Jesus, '

'n ander Gees en 'n ander Evangelie. 'n Teologiese professor van **Pretoria en 'n groep wat navorsing doen** na die **"**historiese Jesus**",** het tot die gevolgtrekking gekom dat Jesus **nie 'n maagdelike geboorte gehad het nie en nie** liggaamlik uit die dood opgestaan het nie.

Paulus skryf aan die Korithiërs: " Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus.
Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle **'n ander gees** ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval." 2 Kor 11:3-4

"Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus.
En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in **'n engel van die lig.**
Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke**." 2 Kor 11:13**-15

1 Joh 4:1 sê "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan."

Vir bykans 2000 jaar probeer Satan, sonder sukses, om die Kerk van die Here van buite af met geweld te vernietig. Nou, in die doodsnikke van hierdie bedeling, het hy van taktiek verander. Hy koer nou **soos 'n duif** en **praat soos 'n lam** om die Kerk van Christus te probeer mislei en in **'n valse** gerustheid te dompel.
1 Tim 4:1 "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang

2 Tim 4:3-**4** **"**want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,
en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.

Paulus gebruik dikwels hierdie mediese terminologie (gesonde leer) in sy briewe aan die geestelike leiers, Timotheus en Titus.
In 1 Tim 1 10-11 gebruik hy twee keer die term **"gesonde leer"**.
In Titus 1:9 sê hy: " een ('n voorganger in die Christelike Kerk) wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om (gelowiges) met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê."

Daarteenoor staan wat ons kan noem, 'n sieklike leer. Dit is altyd 'n mensgemaakte idee van Godsdienstigheid. Hier-die **"sieklike leer" begin** met 'n sielkundige behoefte bepaling van 'n groep mense en bied dan vir hulle presies wat hulle wil hê, i.p.v. om dit wat God geopenbaar het in Sy Woord, en die Kerk altyd geleer het, aan die mense oor te dra. Hier is die resep vir sukses beslis eenvoudig. Jy vra net vir die mense wat hulle wil hê, en dan bied jy dit aan. So maklik soos dìt.

Wanneer Christene aan die versoeking toegee om meer tuis te voel in die wêreld, as wat hulle behoort, her-interpreteer hulle gewoonlik die Bybel om by hulle nuwe siening aan te pas.



VERGEESTELIKINGS TEOLOGIE :

Dìt gebeur wanneer die grond betekenis van die Bybel na wilekeur her-interpreteer word. Hoe dieper ons in die eindtyd inbeweeg, hoe minder word daar in feitlik alle kerke in die letterlike vervulling van Bybelse profesieë geglo. Terwyl die tekens van die tye rondom ons duidelik in vevulling kom, druk teoloë hul koppe dieper in die sand en sê: "Ons sien **niks nie!"** of : "**Die Bybel is 'n simboliese boek en moet nie letterlik opgeneem word nie."**

VERVANGINGS TEOLOGIE :

Sewe is nie sewe nie. Duisend is nie duisend nie. Honderd vier-en-veertigduisend is nie honderd vier-en-veertig duisend nie. Dit **kan net sowel 'n ander getal wees**. Dan word daar ook nuwe begrippe in die Woord ingelees, bv. Israel - word die Kerk.

DIE ISRAEL-VISIE DWALING :

Vir jare het die sogenaamde Brits-Israel teorie nie veel aandag getrek nie, maar met dìt as agtergrond het die Israelvisie nou gestalte gevind. Veral in die unieke godsdienstige politieke bestel van ons land, vind hierdie **"visie"** by sommige Suid-Afrikaners sterk aanklank. Judas 1 verse 3 &4 sê: "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.

Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus **verloën."**

Die Koninkryk Nou / Heerskappy– rekonstruksie bewegings asook die voorstanders van die vervangings, vergeestelikings en Israelvisie leerstellings is die vinnigste groeiende nadelige invloed op die Kerk vandag en dus 'n primêre oorsaak tot kommer. Ons leef in gevaarlike tye, veral op **geestelike gebied en ons het 'n onderskeidings gees nodig** soos nooit van te vore nie.

DIE KONINKRYK NOU OF DOMINIUM-TEOLOGIE !!!

Hulle sê: "*Ons glo dit is die wil van God dat die regverdiges op hierdie aarde moet regeer en ons sien dat mense besig is om hulle te bekwaam om prokureurs, dokters, generaals, admiraals, presidente en regeringsamptenare te word. Die regverdiges sal heers en die* ***mense sal juig.***"

Waar kom hierdie koninkryks outoriteit vandaan, terwyl ons nog in hierdie bedeling van genade is wat tog so duidelik heel anders as die koninkryk is.

Die Koninkryk-nou teologie, die hele stelsel van **"name and claim"** is maar net die resultate van 'n vervalste evangelie. Hierdie hele beweging is te betrokke by 'n voortgesette aardse proses wat tot in die onbepaalde toekoms strek. As gevolg hiervan is hulle nie los genoeg van hierdie wêreld en gereed om dit op 'n oomblik se kennisgewing te verlaat nie. Hulle beskouing oor 'n aardse bediening is sodanig dat Christus se wederkoms eintlik inbreek daarop sal maak, daarom verwag hulle dit nie spoedig nie.
Die ware Christen het nog nooit die opdrag ontvang om die wêreld te verenig en die Koninkryk te vestig nie. Die Bybel maak dit onomwonde duidelik dat die wêreld vir die bewind van die Antichris bestem is, en dat die Here self ná die sewe jaar verdrukkings tydperk uit die hemel sal neerdaal om die Antichris te vernietig en die Koninkryk van die hemel op die aarde te vestig. Die kerk se opdrag is alleen om

siele soos brandhout uit die vuur te wen. Almal wat nou werk vir eenheid en Koninkryk, werk vir Satan.
Bovermelde vals denkrigtings hou egter nog ‘n ander meer subtiele gevaar vir die kerk in, en dit is die ondermyning **van ‘n mens se geestelike lewe. Diegene** wat glo dat hulle die wêreld moet oorneem en die vrederyk van Christus in Sy afwesigheid moet oprig, verwerp gewoonlik die Wegvoering of verskuif dit na so ‘n onbelangrike posisie dat dit geen praktiese waarde in hul lewens het nie. Daar bestaan geen twyfel daaroor dat die geloof dat **‘n mens enige oomblik** weggeraap kan word, erns en diepte aan jou lewe gee nie. Verder weerhou hierdie geloof ons van die neiging om té intiem te assosieer met ‘n wêreld wat nie ons finale bestemming is nie.
Die Bybel sê wel dat Christene sal regeer, maar nie op hiérdie manier nie; nie deur hulle te bekwaam om dokters, prokureurs en al die ander dinge te word nie.
2 Tim 2:12 As ons verdra, sal ons met Hom regeer**. .....**
Open 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

Daar bestaan verskillende variasies van die Kingdom Now-teologie, maar dit kom in breë trekke op die volgende neer: (Onthou dit word deur talle charismatiese en ook niecharismatiese kerke aanvaar in geheel, of net gedeeltelik.)

“*Met die sondeval het Adam sy heerskappy oor die aarde verbeur en het dit na Satan gegaan.* [Maar die Bybel sê: Ps 24:1 Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;]
Dit beteken dat die Here se plan vir die mens, die herstel van ons heerskappy oor die wêreld inhou (materialisme). Jesus het Satan met Sy eerste koms na

die aarde verslaan en aan die kerk die gesag gegee om weer daardie heerskappy van die Satan af terug te neem.
Hoe word dit gedoen? Die Here is besig om die vyfvoudige bediening (Ef 4), veral die apostels en die profete, te herstel. Hy gee openbarings aan hulle sodat hulle die liggaam van Christus kan verenig. Om die liggaam van Christus te verenig, moet die Christene hierdie apostels en profete blindelings volg—wat hulle ook al sê en voorspel, en al is dit nie in ooreenstemming met die Woord van God nie. [Hierdie situasie herinner sterk aan dié van die guru's in die Ooste en die pous in die Vatikaan.] *Hulle maak ook daarop aanspraak dat dit net so goed soos God is wat praat wanneer húlle praat. Die gelowige moet besef wie ons in Christus is en moet dan, as* ***"inkarnasie" van Jesus wat hier "voortleef", die beheer oor die planeet oorneem. Deur "Christus wat in ons is",*** *maak die Here dan Sy vyande, onder wie ook die Satan,* ***soos 'n voetstoel vir Hom. Jesus word teruggehou in*** *die hemel totdat die kerk waarlik die Onse Vader-gebed vervul en God se wil hier op aarde gedoen word, net soos dit in die hemel gedoen word.*
Dan nooi die kerk vir Christus, en oorhandig die koninkryk aan Hom. **Wat 'n klug!!!**

[Die Bybel sê egter: 1 Kor 15:24 Daarna kom die einde, wanneer Hy [Jesus] die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.]

Die liggaam van Christus is dus geweldig verward, want gelowiges weet nie of ons nou moet heers of ly nie.

Ons hoor dat ons die koninkryk aan Christus oorhandig wanneer daar eenheid in die kerk is. Het God dan nie die gesag, heerlikheid en mag aan Jesus Christus gegee nie?
Joh 17:5 En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

Luk 4:36 Toe kom daar verbaasdheid oor almal, en hulle praat met mekaar en sê: Wat vir 'n woord is dit, dat Hy met gesag en mag die onreine geeste gebied, en hulle gaan uit!
Matt 28:18 .....Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

Die verwarring onder God se kinders spruit daaruit dat 'n ander Evangelie naas die ware Evangelie van ons kansels af verkondig word. En omdat die gelowige so verward is, aanvaar hy later maar die leerstellinge waarmee hy die **"gemaklikste"** voel—en dit is die leer van eenheid. In sy diepste wese lei hierdie teologie tot die verheffing van die mens, sodat Jesus Christus 'n al hoe kleiner rol speel—wat natuurlik uiteindelik beteken dat die mens geheel en al sonder Hom sal klaarkom. Dan vestig ons nie meer ons hoop op die wederkoms van Jesus Christus nie, maar op die kerk. In 2 Pet 3:4 staan daar dat mense vra: **"waar is die belofte van sy wederkoms?"** En dis presies wat die kerk vandag wil weet.

Baie mense wil te kenne gee dat Jesus die eerste keer gekom het om die mens se heerskappy oor die aarde te herstel. Hulle glo dat Adam nie in die paradys sy volmaakte verhouding met God as gevolg van die sonde verloor het nie, maar sy heerskappy. Dit is dus 'n heel materialistiese benadering, en daarvolgens word nie verkondig dat Jesus gesterf het om ons met God te versoen nie (geestelik), maar sodat ons heerskappy oor hierdie planeet herstel kon word (wêrelds).
Met die sondeval het die mens vanweë sy ongehoorsaamheid, geestelik van God vervreem geraak en onder die invloed van Satan gekom. " Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh3:16) Al wat in die besit van die Satan is, is die siele van die ongeredde mense, want hulle het self besluit om God en Sy genade-aanbod op Golgotha te ver-

werp en Satan, die god van hierdie wêreld, te volg.
God se plan het behels dat Jesus Christus met Sy eerste koms vir ons sondes aan die kruis moes sterf en dat Hy met Sy wederkoms in heerlikheid sal regeer.
Die afvallige kerk beweer dat Jesus met Sy eerste koms gekom het om te regeer, en nié met Sy tweede koms nie. Hulle beweer verder dat Hy al sy gesag en heerskappy vir die kerk gegee het om die (aardse) Koninkryk hier te kom vestig. Daarom glo so baie van hulle dat die Wegraping nie 'n werklike gebeurtenis sal wees nie.
"Want" sê hulle ,"Jesus kan nie kom voordat die kerk sy regmatige beheer oor die wêreld van die Satan af teruggeneem het nie." Hulle sê dat Jesus alles wat Hy moes kom doen, klaar gedoen het—en nou aan die regterhand van God sit en wag dat die kerk die werk moet voltooi. Dit beteken dat die kerk die belangrike faktor in die wederkoms word, omdat die kerk die oorwinning wat Christus begin het om oor Satan te behaal, hier moet voltooi. Die groot opdrag is nou om die beheer oor die wêreld oor te neem en dit word onder die dekmantel van evangelisasiewerk gedoen. Hierdie **"evangelisasiewerk"** het egter niks te doen met die vernuwing van harte en siele nie, maar met 'n gees wat glo dat hy soos God is.
Dit was juis die rede waarom die duiwel uit die hemel uitgewerp is!!!
Hulle verkondig dat die Satan klaar verslaan is. Hy is net in staat om te floreer omdat óns nie seker is wie ons in Jesus Christus is nie. Volgens hulle lê ons probleem dus nie in sonde nie, maar in onkunde.
Party voorstanders van hierdie teologie, sê dat daar nie **'n werklike Antichris sal wees wat hom aan die mense** sal openbaar nie. Volgens hulle bestaan die gees van die Antichris in almal wat die kerk probeer verhinder om die koninkryk op aarde te vestig. Volgens hulle is almal wat hulle dwaling kritiseer, deel van hierdie Antichristelike gees. Op daardie manier wil hulle alle kritiek ontmoedig en ons herken hierdie tegniek as een **van Satan s'n**. Die Bybel

leer ons dat alle profesieë aan die Woord gemeet moet word, en dat ons niks sondermeer moet aanvaar nie. 1 Joh 4:1 Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.

Een van die leiers onder die aanhangers van die Kingdom Now-teologie, *Earl Paulk*, sê die volgende: *Jesus word in die hemel gehou totdat alle dinge herstel of nuut gemaak word .....Ons is klein gode , of ons dit nou wil erken, of nie* **....(**Wat is klein gode? 'n God is iemand wat soewerein is .) *God wag nou totdat ons, wat Christus-in-ons het, beheer oorneem, want dít is die maatstaf waarvolgens Hy die aarde sal beoordeel .... Jesus kan nie kom voordat die apostelskapbediening herstel is nie ... Christus-in-ons moet beheer oor die aarde oorneem.*

Die afvallige kerk weier om vir Jesus Christus te wag. Hulle glo dat dit die taak van die kerk is om die aarde te onderwerp en goddelike nasies te bou deur evangelisasie en dissipelskap. Hulle verwerp die Christelike kultuur as iets wat tot 'n minderheid behoort, wat in hierdie bose wêreld vervolg en geïsoleer word. Vir húlle is die Christelike kultuur iets wat alle vlakke van die lewe gelyk maak, die aarde vernuwe en vir die ganse mensdom tot seën is. Kingdom-teologie verwerp ook die waarheid dat die omstandighede nog moet versleg omdat die Satan in beheer is. Hulle glo dat 'n volk vernuwe sál word as hulle gehoorsaam is aan God se Woord.

In Amerika het 112 vooraanstaande kerkleiers onlangs ooreengekom om nie verder oor sekere leerstellinge te redeneer en te verskil nie, maar liewer in vrede met mekaar te lewe. Onder hierdie *probleemareas* wat nie meer die eenheid sal bedreig nie, is die *doop, nagmaal, tale*, *wyses van aanbidding*, *eskatologie*, *Calvinisme* en *Christelike vryheid*. Baie leiers is vandag besig om ooreenkomste te onderteken wat tot die koms van die Anti-

chris gaan lei.

Hierdie teoloë wil hê dat "Christus-wat-in-ons-**is"** die aarde moet onderwerp, want hulle is nie bereid om te wag tot die heerlike wederkoms van ons Here Jesus Christus, wanneer hy Sy Koninkryk sal kom vestig nie.

Mag die Here gee dat ons nie hooghartig sal raak oor hierdie gedagte dat Christus in ons woon nie, want as Sy Gees waarlik in ons woon, sal Hy ons nederig hou en bewus maak van die sonde in ons. En dan sal ons waarlik sien hoe ons Verlosser verheerlik word.

Dit is nie nodig om nou na heerlikheid te soek en aan te kondig dat die koninkryk deur die kerk gevestig word nie. Hierdie **"herlewing"** is niks anders as hoogmoed en afvalligheid nie. Laat ons doen wat God van ons vra—laat ons die Evangelie verkondig en siele vir Hom wen. Laat ons nie mislei en bedrieg word sodat ons afdwaal nie. Ons moet die Here dank vir elke goeie gevolg van die Christendom, maar dit is nie óns taak om die Koninkryk tot stand te bring nie. Dit is iets wat die Koning self sal doen wanneer Hy weer kom.

Daar kan **geen Koninkryk sonder 'n Koning wees nie**. Daarom is dit onmoontlik om die Koninkryk te vestig voor die koms van die Koning. Dit is eers wanneer die Vredevors gekom het, dat daar 'n regverdige regering op die aarde sal wees. **Daarom moet ons in alle opregtheid bid: "**Laat U Koninkryk kom**."**

'n **Valse "God", "Christus", "geloof" en "verlossing"** word deur mense soos Kenneth Hagin en Kenneth Copeland verkondig. Hulle is maar enkeles wat hulle hieraan skuldig maak. Hulle beweer dat geloof 'n **"krag"** is, byna iets soos elektrisiteit—**'n krag** wat deur **"God"** gebruik is om wêrelde te skep. Ons, wat **klein "godjies"** is, kan ook ons geloofskrag

gebruik om deur woorde, dinge te skep. Die woorde wat ons moet gebruik, hou verband met **"die wette van geloof",** want daardeur gehoorsaam ons dieselfde "**geloofswette"** wat hulle **'God" gehoorsaam het toe Hy die wêreld geskape het.**

Ons word glo nie verlos deur die feit dat Jesus aan die kruis vir ons sondes gesterf het nie, maar deur die feit dat die Satan Hom drie dae lank in die hel geteister het—só sê hulle. Die logiese gevolgtrekking hiervan is, dat ons nie gered kan wees as die Satan Jesus nie genoeg gemartel het nie. En as hy Hom wél genoeg gemartel het, moet ons dan die Satan dank omdat hy medeverantwoordelik was vir ons verlossing??? Copeland vertel selfs vir ons hoe ons moet maak sodat ons diere ook verlos kan word en hy gee leiding oor die wyse waarop ons diere met die Heilige Gees gedoop moet word. Hy sê ook dat die **"Jesus"** wat deur hom profeteer, nooit gesê het dat Hy God is nie.

Norman Vincent Peale, Oral Roberts en Robert Schuller se boeke oor positiewe denke, hou ook verband met hierdie valse geloof wat niemand sal red nie. Dit is onrusbarend om te sien tot watter mate hierdie kultusse van positiewe denke, reeds vatplek gekry het in ons kerke. En tog is daar vooraanstaande kerkleiers wat hierdie mense met hulle voorspoedsteologie aanmoedig om hulle boodskap uit te dra. Selfs Billy Graham het Schuller by geleentheid geprys vir die boodskap wat hy uitdra. [BILLY GRAHAM 33° VRYMESSELAAR ASOOK KENNETH COPELAND]

Hiemee verdoem ons **beslis nie 'n positiewe lewe nie**. Met JESUS aan ons kant het ons beslis rede om positief te wees, en ons aanvaar nie die negatiwiteite van Satan in ons lewens nie. In Jesus se naam en met die krag in Sy bloed weerstaan ons die duiwel en hy sál van ons wegvlug soos die Skrif sê. *In hierdie mense se boeke gaan dit egter absoluut* ***oor 'n "infinite power"*** *en Jesus se naam word nêrens genoem nie.*

Die eenheidsgedagte van **"Unity",** is 'n nuwe kultus onder die beskerming van die New Age-beweging.

Marcus Bach skryf in dié verband dat die Unity-volgelinge maar saam met die Oosterling kan stap waar hy sy godsdiens beoefen, want **"net soos wat Christus in jou groter** word, word Boeddha ook groter—en hoe groter Boeddha **word, hoe groter word Christus."**

Die **heel gevaarlikste "tegniek"** van die New Age-teologie is dié waar die volgelinge die geeste wat hom lei kan sien. Hierdie tegniek is ontleen aan die okkulte en kom van die **"meesters'** wat in die **"tempel van wysheid"** op die **"astrale vlak"** aangeroep word.

Die tragiek van hierdie saak is dat dit nie net in die sekulêre wêreld bevorder word nie, maar selfs in die kerk. Want dít is waar Agnes Sanford se teorieë ten opsigte van "**innerlike genesing"** vandaan kom. Hierdie subtiele en uiters gevaarlike tegniek van die okkulte, word deur kerkleiers en **"Christensielkundiges"** verdedig en aangeprys. Verder word dit ook nog gebruik om met **"Jesus of God"** in verbinding te tree, **"in dialoog tree met God",** of 'n "tweerigting-**gebed te bid."** Daar is wel een wat aan hierdie mense verskyn terwyl hulle besig is met hierdie terapie, maar dit is niks meer as net **'n duiwelse gees** wat hom as God of Jesus voordoen nie.

Vooraanstaande charismatiese leiers word tot só 'n mate mislei en bedrieg, dat hulle ook nou al betrokke raak by die **vredestoekenning wat bekend staan as die "**Prince of **Peace"**-toekenning. Geen mens verdien om so 'n toekenning te kry nie, want JESUS is die enigste VREDEVORS en Hy is die Een wat vrede op aarde sal bring.

Elke ware gelowige neem sy kruis op en dra dit. Maar die afvallige kerk bemoei hom met die politiek en verwar gehoorsaamheid aan God met die beskerming van men-

seregte en mensegeluk. Daarom gryp die kerk die vrugte van **"vryheid en menseregte"** wat die Antichris hom aanbied, sonder om te besef waar hulle vandaan kom.

Die vryheid wat die wêreld bied , is nie die vryheid wat Christus bied nie, maar 'n valse vryheid wat van die Satan self afkomstig is. Daardie vryheid maak ons aan die wêreld gelyk—en dit is nie wat Christus van ons vra nie. Daarom moet u bedag wees op die dinge wat rondom u gebeur, sodat u nie in hierdie tyd onverhoeds betrap sal word nie, maar die Antichris en die valse profeet sal herken as hulle, hul opwagting maak.

PRETERISME TEENOOR ENIGE-OOMBLIK WEDERKOMS

Preterisme glo dat die Openbaringboek reeds in die verlede vervul is, na aanleiding van die Skrifgedeelte in **Open 1:3 "...want die tyd is naby."** Hulle verwar die vernietiging van die Tempel in 70 nC met die eindvervulling van Openbaringboek. Hierdie vertolking van die skrif kan nie reg wees nie in die lig van Open 1:7 en Sag 12,13 &14.

Die wat glo aan die enige-oomblik wederkoms van die Here, weet dat Daniël se laaste sewe-jaar tydperk (Dan 9:27 **"En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit,** en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal **daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en** wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.") of soos ook genoem die Groot Verdrukking, wat in die Openbaringboek beskrywe word, eers vervul moet word. Dit kan egter nie gebeur, voordat die wegraping plaasgevind het nie.

SKRIFTUURPLASE M.B.T. DWAALLLERINGE EN VALSE PROFETE !!!

Judas 1: 3 Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.
4 Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën.
5 Maar ek wil julle daaraan herinner, al weet julle dit nou eenmaal, dat die Here, nadat Hy die volk uit Egipteland gered het, daarna die wat ongelowig was, omgebring het.
6 En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar;
7 soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.
8 Tog besoedel ook hierdie mense net so in hulle dromerye die vlees en verag die heerskappy en laster die heerlike wesens.
9 Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou!
10 Maar hierdie mense belaster alles wat hulle nie ken nie; en alles wat hulle, soos die redelose diere, op natuurlike wyse verstaan, daardeur gaan hulle te gronde.
11 Wee hulle, want hulle het die weg van Kain bewandel en om loon hulleself in die verleiding van Bíleam gestort en in die verset van Korag omgekom.
12 Hulle is skandvlekke in julle liefdemaaltye, wat sonder vrees saam fees hou en hulleself voer, waterlose wolke deur winde rondgedrywe, bome in die nasomer, wat sonder vrugte is, twee maal gestorwe, ontworteld;

13 woeste golwe van die see wat hulle eie skandes laat opskuim, dwaalsterre vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word.
14 En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtalle,
15 om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het.
16 Hulle is murmureerders wat oor hul lot klae, en volgens hulle begeerlikhede wandel; en hulle mond spreek trotse woorde, terwyl hulle mense vlei ter wille van voordeel.

Kol 2:4 Dit sê ek, sodat niemand julle mag verlei met drogredes nie.

1 Joh 4:1 Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.
2. Hieraan ken julle die Gees van God: *elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;*
3. en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.
4. Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.
5. Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle.
6. Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling.



2Joh1 :6 *En dit is die liefde*, *dat ons wandel volgens sy gebooie*. Dit is *die gebod* soos *julle van die begin af gehoor het* dat *julle daarin moet wandel*.
7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.
8 *Wees op julle hoede*, *dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang.*
9 Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. *Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun.*
10 As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.
11 Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke.

SUURDEEG = DWAALLLERINGE !!!

Matt 16:6 Daarop sê Jesus vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.
12. Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs. (Baalse Priesters)



Kom ons kyk na iets interessant: LETTERWAARDES!!!

Waar elke letter van die alfabet met ses vermeerder. Begin dus met
A = 6 B = 12 C = 18, ens, ens.

A = 6	K = 66	U = 126
B = 12	L = 72	V = 132
C = 18	M = 78	W = 138
D = 24	N = 84	X = 144
E = 30	O = 90	Y = 150
F = 36	P = 96	Z = 156
G = 42	Q = 102	
H = 48	R = 108	
I = 54	S = 114	
J = 60	T = 120	

Computer
C = 18+
O = 90+
M = 78+
P = 96+
U = 126+
T = 120+
E = 30+
R = 108=
Totaal 666

L = 72	L = 72
U= 126	U= 126
C= 18	C= 18
I = 54	I = 54
F= 36	F = 36
E= 30	E = 30
R= 108	R =108
H = 48	H= 48
A = 6	E = 30
D = 24	L = 72
E = 30	L = 72
S = 114	
666	666

Probeer die volgende woorde:

Sun Moon (Babiloniese afgode)
People sin (Rom 3:23) Gal 5:16-19 \
Gal 1:18-32 \ 1 kor 6:1o
Devil Dragon (Openbaringe 13:4 12:4,7,9)
Lucifer Hades (HADES = Griekse woord vir DODERYK)
Lucifer Hell

Lucifer Hades (Hades = Grieks vir doderyk)
Mark os Beast
Auto Bank Card
New York
Sun City

A = 6 U= 126 T=120 O= 90 B = 12 A= 6 N= 84 K= 66 C= 18 A= 6 R= 108 D= 24 666	S=114 U=126 N= 84 C= 18 I = 54 T =120 Y=150 666	M= 78 A = 6 R= 108 K= 66 O= 90 F= 36 B= 12 E= 30 A= 6 S= 114 T=120 666	B=012 I=054 O=090 I=054 M=078 P=096 L=072 A=006 N=084 T=120 666	M=078 O=090 N=084 D=024 E=030 X=144 C=018 H=048 I=054 P=096 666	D = 24 E = 30 V = 132 I = 54 L = 72 D = 24 R = 108 A = 6 G = 42 O = 90 N = 84 666	P = 96 E = 30 O = 90 P = 96 L = 72 E = 30 S = 114 I = 54 N = 84 666

'n Laser-leser identifiseer 'n persoon voor sy tjek gewissel word.

Open 13:16 & 17 16 En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe **'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; (0pb 13 : 18b sy getal is 666)**
17 sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier (Antichris) of die getal van sy naam het. (666)

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(o44) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

(BRONNELYS \ PAST BENNIE KLEYNHANS)

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.